# Hoe om Jan van Riebeeck-bootjies te maak



Graad 2 tot 5

Hierdie is ’n heerlike aktiwiteit om met ’n seunspan te doen. Spandeer ’n baie kort tydjie om die geskiedenis van Jan van Riebeeck te vertel. Maak daarna die bootjies.

**Onderwerpe**: Geskiedenis, Jan van Riebeeck

## Stappe

1. **Vertel die verhaal van Jan van Riebeeck. (Inligting is ook in die Graad 3-werkboek)**

   `Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 met drie skepe, die Drommedaris, Reijger en Goede Hoop, en sowat negentig man aan wal gestap om ’n VOC-nedersetting aan die Kaap te stig. Van Riebeeck hoop om nie langer as ’n jaar in die Kaap te vertoef nie. Soos dit sou blyk, sou hy tien jaar lank hier bly en nie slegs ’n verversingspos stig nie, maar uiteindelik ook ’n kolonie in Suid-Afrika vestig. Die landbou-aktiwiteite is geleidelik uitgebou, en reeds in 1659 is die eerste wyndruiwe geoes. Die Kaapse bevolking is versterk met die invoer van die eerste slawe in 1658.

   Vandag staan die standbeelde van Jan van Riebeeck en sy eerste vrou Maria langs mekaar in Adderleystraat, in Kaapstad. Dit laat almal onthou dat hierdie pionierspaar meer as drie en ’n halwe eeu gelede onder dié einste berg hul onuitwisbare spore in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelaat het.

2. Maak die bootjie: Jy benodig ’n ballon, Prestik, tou, polistireenbakkie en elmboog-plastiekpypie.

   - Maak ’n kleinerige gaatjie in die polistireenbootjie. Druk die pypie in die gaatjie in.
   - Plaas die ballon oor die pypie. Gebruik tou om die ballon stewig vas te maak.
   - Maak gebruik van Prestik om die pypie onderaan die bootjie te verseël.
   - Maak die bootjie met ’n tou aan jou hand vas.
   - Blaas die ballon deur die pypie op.
   - Hou die pypie toe sodat die lug nie kan uitkom nie.
   - Plaas die bootjie op die water.
   - Die bootjie sal ’n entjie op die water vaar. Die ballon blaas af en die bootjie beweeg vorentoe.
   - Jy kan ook die bootjie vernoem na een van Jan van Riebeeck se skepe. Druk vooraf die bote se name op papier.
   - Elke kind besluit self wat die bootjie se naam is (Goede Hoop, Drommedaris of Reijger).
   - Plak die bootjie se naam op ’n sosatiestokkie vas.
   - Druk die sosatiestokkie in die polistireenbakkie.

## Wenke

1. Bied hierdie aktiwiteit naby 6 April aan.
2. Carike Keuzenkamp sing ’n liedjie oor Jan van Riebeeck. Leer die liedjie vir jou span.

## Waarskuwings

1. Moenie die gat vir die pypie te groot maak nie.
2. Die bootjie vaar maar ’n klein entjie. Dit is egter ver genoeg om vir baie pret te sorg!